

Titel: Bakboord of Stuurboord
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 15 Mei 2011
Tyd: 09h30



Goddelike Vrymoedigheid

1. Genade

Heb 3:1

Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en deelgenote is van die hemelse roeping, moet julle noukeurig let op Jesus...

Gal 1:15

Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep.

Psalm 1:2

...sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.

2. Krag

2 Tim 1:12

... want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.

Juda 1:24

Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou.

Rom 11:29

Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.

Fil 1:6

Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

2 Tim 1:9

Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons daade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.

3. Oorwinning oor veroordeling

Open 12:11

En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en die woord van hulle getuienis.

Heb 10:19-22

¹⁹ Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ²⁰ op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, ²¹ en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, ²² laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete...

4. Petrus

Matt 14:28-30

²⁸ En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.

²⁹ En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan.³⁰ Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!